

DIE RISIKO VAN BANKFINANSIERING AAN KLEIN EN MEDIUM GROOTTE MAATSKAPPYE IN SUID-AFRIKA

Opgestel deur

Jacobus Martin Joubert

Dosent

Mnr P L L van den Elshout

vir die graad MBA

April 1991

Dankbetuigings

- Aan die Allerhoogste al die dank vir die geleentheid wat deur Sy genade moontlik gemaak is.
- Aan al die respondente by die banke wat te midde van hulle besige skedule tog die tyd ingeruim het om my te woord te staan.
- Aan almal wat gehelp het met die tikwerk en die voorbereiding van hierdie skripsie
- Aan Peter van den Elshout vir sy hulp en opoffering wat meegehelp het om hierdie skripsie te voltooi.
- Groot dank aan my gesin (Dalene, Adulene en Danie) wat deur hulle onbaatsugtige gesindheid en aanmoediging grootliks bygedra het tot die voltooiing van hierdie skripsie.

Kobus Joubert

Abstract

In advancing money to a company a bank is always at risk of losing that money. Through the years banks have endeavoured to minimise that risk by taking collateral against any amounts advanced whenever they were in doubt.

In the modern banking environment in South Africa banks are striving for long term relationships with clients. The literature study is undertaken to establish the evolvement of thinking around the problem as to what information should be required to make a proper decision on a credit application.

An empirical study was undertaken to establish what degree of importance the major banks attach to information on the management of the applicant.

Areas were identified where information about the management of the company could be improved. Taking this into account and using one of the standard application forms in regular use by one of the major banks as a basis a new form was designed that should yield more vital information the bank can use in making any credit decision.

As in anything in life there is always room for improvement. By looking more closely at how a company is managed a bank can make a more confident decision about entering into a long term relationship with a company.

INHOUD

Bladsy

Hoofstuk 1

1.1	Inleiding	1
1.2	Probleemstelling en Hipotese	1
1.3	Doel van die studie	2
1.4	Verwysingsraamwerk	2
1.5	Navorsingsmetodiek	4
1.6	Begripsomskrywing	6
1.7	Indeling van skripsie	6

Hoofstuk 2

2.1	Inleiding	8
2.2	Die Lombards	9
2.3	Die Goudsmede 1654-1694	9
2.4	Die Bank van Engeland	11
2.5	Die Ontwikkeling van Bankwese in Suid-Afrika	13

Hoofstuk 3

3.1	Bestaande metodes van kredietkeuring en risiko evaluering - 'n evaluasie ..	18
3.2	Jongste neiging in bankwese	21
3.3	Die huidige bedeling	21

Hoofstuk 4

4.1	Inleiding	27
4.2	Die gebruik van die finansiële state as hoofbron van inligting om te bepaal of 'n maatskappy die vermoë sal hê om 'n lening te kan terugbetaal	27

Hoofstuk 5

5.1	Inleiding	36
5.2	Antwoorde op vrae tydens onderhoude	36
5.3	Opsomming van bevindings	40

Hoofstuk 6

6.1	Inleiding	42
6.2	Bestuursprosesse	43
6.3	Voorgestelde maatstawwe	44
6.4	Voorgestelde standaard aansoekvorm	51

Hoofstuk 7

7.1	Inleiding	54
7.2	Verhoudingsbankwese	54
7.3	Nuwe aansoeke	55

Hoofstuk 8

8.1	Inleiding	57
8.2	Wysigings voorgestel	57
8.3	Gevolge en voordele	58

Bylaag 1

Standaard aansoekvorms

Bylaag 2

Vraelys

Bylaag 3

Voorgestelde standaard aansoekvorm

Bronnelys

HOOFSTUK 1

1.1 INLEIDING

Die risiko verbonde aan die finansiering van sakeondernemings is 'n probleem wat bankiers sedert die vroegste dae van bankwese laat soek na die beste metodes om risiko te bepaal en te beoordeel. Die verdere probleem wat outomaties hierop volg is die vind van die beste metode om hulle teen risiko te verskans.

Die beoordeling van risiko behels in wese die voorspelling van die toekoms. Omrede daar geen inligting omtrent die toekoms bestaan nie moet die verlede en die hede as basis gebruik word om 'n projeksie te maak van die toekoms.

Inligting omtrent die hede en die verlede is danksy die era van elektronika geredelik en in oorfloed beskikbaar. Die groot probleem is om te bepaal watter inligting uit die verlede en die hede die beste aangewend kan word om die toekoms van 'n maatskappy te voorspel. Tans word hoofsaaklik klem gelê op die finansiële posisie van 'n aansoeker sowel as die geskiedenis van die aansoeker se transaksies met die bank. Afskrifte van standaard aansoekvorms soos in gebruik deur verskillende handelsbanke in Suid-Afrika word aangetoon in Bylaag 1. Aangesien 'n nuwe aansoeker geen geskiedenis van transaksies kan hê nie is dit waarskynlik dat die finansiële posisie van 'n aansoeker oorwegend gebruik word om die risiko te bepaal ten opsigte van enige potensiële kredietverskaffing aan 'n nuwe aansoeker.

1.2 PROBLEEMSTELLING & HIPOTESE

Die probleem rondom kredietkeuring en risiko evaluering by die klein tot middelsgoederneming lê nog steeds in die betroubare voorspelling van die langter-

myntoekoms van 'n maatskappy. 'n Bank is afhanklik van die voortbestaan van 'n maatskappy ten einde enige lening wat aan so 'n maatskappy gemaak is in die toekoms te kan vorder. Hoe langer die beoogde verbintenis met 'n maatskappy is hoe langer is die termyn wat die maatskappy moet bly voortbestaan.

Indien die kardinale invloed wat die bestuur van 'n maatskappy op die toekoms van 'n maatskappy het, erken word, ontstaan die vraag of daar genoeg aandag geskenk word aan die bestuur van 'n maatskappy by die beoordeling van kredietrisiko deur banke. Met ander woorde: word die bestuur van 'n maatskappy voldoende ondersoek alvorens krediet aan so 'n maatskappy toegestaan word? Indien nie, is dit prakties moontlik om sodanige behoorlike ondersoek na die bestuur van 'n maatskappy te doen alvorens krediet aan so 'n maatskappy toegestaan word?

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

1.3.1 Hoofdoelwit

Die hoofdoelwit van die studie is om vas te stel of daar op die huidige stadium behoorlike ondersoek gedoen word na die bestuur van 'n maatskappy by die bepaling van die kredietrisiko t.o.v. klein tot medium grootte maatskappye, al dan nie. Indien bevind sou word dat tekortkominge bestaan sal voorstelle ter verbetering van die huidige toedrag van sake gemaak word.

1.4 VERWYSINGSRAAMWERK

1.4.1 Terrein waar die studie gedoen word

Die terrein waarbinne die studie onderneem word is die van korporatiewe bankwese, en wel soos van toepassing op die klein tot mediumgrootte maatskappye wat gedefinieer word as synde maatskappye met 'n jaarlikse omset van R 20 miljoen of minder.

Aangesien die die bankbehoefes van die individu en die van 'n maatskappy groot verskille toon het 'n soort spesialisasie in die bankwese ontstaan ten einde albei hierdie sektore van die mark die beste moontlik te kan bedien.

Korporatiewe bankwese behels die verskaffing van bankdienste aan maatskappye op 'n gespesialiseerde wyse. Dit is gewoonlik 'n aparte afdeling in 'n bank met die spesifieke doel om die maatskappye van bankdienste te voorsien.

Uit hierdie konsep van korporatiewe bankwese het dan ook die konsep van verhoudingsbankwese ontstaan wat die aanstel van verhoudingsbestuurders behels wat as hoof doelwit het die vestiging en instandhouding van 'n langtermyn verhouding tussen bankier en kliënt.

Die verhoudingsbestuurder verskaf sekere bankdienste in die kliënt se kantoor. Dit is nie meer nodig vir die kliënt om die bankbestuurder te gaan besoek nie die bankbestuurder besoek hom in sy kantoor. Elke maatskappy se unieke posisie en behoeftes word ondersoek en ontleed en voorstelle en aanbevelings word deur die verhoudingsbestuurder gemaak ter oplossing of verbetering van 'n probleem. Die verhoudingsbankier sal baie graag as lid van die maatskappy se bestuurspan (in raadgewende hoedanigheid) gesien wil word eerder as die bankbestuurder.

1.4.2 Omvang van studie

Hierdie studie word slegs onderneem in Suid-Afrika. Dit behels slegs die kredietrisiko t.o.v. klein tot mediumgrootte maatskappye.

In hierdie verband sal ondersoek ingestel word na die metodes van risikobeoordeling soos in gebruik by die vyf groot handelsbanke, spesifiek met die oogpunt om te bepaal watter inligting omtrent bestuur ingewin word. Dit sal gemeet word teen 'n voorgestelde model van inligting omtrent bestuur wat as belangrik beskou word om risiko oor die langtermyn te evalueer.

Die ondersoek na die metodes van risikobeoordeling word beperk tot die vyf groot handelsbanke aangesien hierdie vyf by verre die grootste verskaffers van bankkrediet in die land is. Volgens die BW9 syfers van Maart 1989 was die aandeel van die vyf groot handelsbanke in die totale bankkrediet toegestaan op daardie stadium 74.7%. Indien Standard Bank buite rekening gelaat word was die aandeel van die ander vier nog steeds 56.4%. (Martin & Co. Inc., 1989:13)

Gegrand op hierdie syfers is besluit dat die resultate wat uit die ondersoek verkry sal word verteenwoordigend sal wees.

1.5 NAVORSINGSMETODIEK

'n Literatuurstudie word onderneem om die geskiedenis van moderne bankwese aan te toon. Verder word die rigtings waarin navorsing in die verlede gedoen is aangetoon deur verskeie artikels, verhandelinge en skripsies.

Die insameling van die inligting m.b.t. die mate waartoe die bestuur van 'n maatskappy oorweeg word by die evaluering van risiko word bepaal d.m.v.

gestruktureerde onderhoud met senior personeel in die kredietafdelings van die vyf groot handelsbanke in Suid-Afrika.

Onderhoude is gevoer met een senior amptenaar per bank. Elkeen van hierdie persone was werksaam in die kredietafdelings van hulle onderskeie instellings. Soos blyk uit die standaard aansoekvorms soos vervat in Bylaag 1. is kredietkeuring tot 'n groot mate gestandariseer binne elke afsonderlike bankinstelling. Dit is veral waar wat betref die inligting wat ingesamel word en die aspekte wat as belangrik beskou word. Om hierdie rede word 'n getroue weergawe van die kredietkeuringsproses binne 'n gegewe bankinstelling verkry deur 'n onderhoud met een senior amptenaar in die kredietafdeling van elke betrokke bank te voer.

1.5.1 Metode van ondersoek

Die ondersoek is gedoen by wyse van 'n gestruktureerde onderhoud wat gevoer is met senior amptenare in die kredietafdelings van die handelsbanke. 'n Vraelys is dus opgestel en die onderhoud is dus gevoer met die vrae vervat in die vraelys as basis. Die antwoorde op die vrae is dan op elke vraelys aangetoon. Gemelde vraelyste is dan ook hierby aangeheg as Bylaag "2".

1.5.2 Respons

Oor die algemeen was die respons uitstekend. Die enigste uitsondering was Standard Bank wat om redes wat hulle nie wou bekend maak nie, soos hulle dit gestel het, nie by die projek betrokke wou raak nie.

Aangesien sorg gedra is dat geen vrae gevra is wat enige bekendmaking van vertroulike of sensitiewe inligting verlang nie, was die respons van die persone met wie die onderhoude gevoer is, baie positief, openhartig en behulpsaam.

1.5.3 Die Vraelys

Die doel van die vraelys was presies soos die titel daarvan aandui om te bepaal tot watter mate die bestuur van 'n maatskappy ondersoek word alvorens 'n besluit omtrent kredietrisiko geneem word.

Die vrae is in twee afdelings ingedeel, wat genoem is (A) Persoonlike Faktore en (B) Prestasie Faktore.

1.5.4 Persoonlike faktore

In hierdie afdeling is 'n paar vrae gegroepeer wat meer gerig is op die insameling van persoonlike inligting omtrent individue in die bestuur van die onderneming. Hierdie inligting, indien dit bekom word, is baie nuttig en kan heelwat inligting omtrent die bestuur van die maatskappy gee. Sekere afleidings omtrent die kwaliteit van die bestuur van 'n maatskappy kan gemaak word. Bestuur kan byvoorbeeld uit baie

bekende sakemanne bestaan, hulle kan baie goed gekwalifiseer wees vir hulle onderskeie pligte. Individue kan verder ook baie ondervinding in die betrokke veld hê. 'n Bankier sou 'n sekere afleiding omtrent die bestuur van 'n maatskappy kon maak op grond van inligting versamel deur middel van die soort vrae soos vervat in die eerste afdeling. Die inligting is ook relatief maklik bekombaar en geen deskundige kennis is nodig om hierdie inligting te bekom nie.

1.5.5 Prestasie faktore

Hierdie gedeelte van die vraelys is so ontwerp om te bepaal tot watter mate ondersoek ingestel word na hoe goed of hoe swak 'n maatskappy werklik bestuur word. In hierdie afdeling is dan vrae gevra om te bepaal tot watter mate die bankier ondersoek instel na die standaard van beplanning in die maatskappy. Daar is ook vrae gevra om te bepaal tot watter mate die bankier ondersoek instel na die standaard van leiding in die maatskappy.

Verder is daar ook vrae gevra om te bepaal tot watter mate die bankier ondersoek instel na die standaard van beheer in die maatskappy.

1.6 BEGRIPSOMSKRYWING

Bankkrediet

Dit is lenings wat deur banke toegestaan word anders as Afbetalings Verkoops Ooreenkomste (A.V.O's), Bruikhuurfinansiering of Verhuringstransaksies.

1.7 INDELING VAN DIE SKRIPSIE

Hoofstuk 1 het gehandel oor die probleemstelling en die doel van die studie. Die navorsingsmetodieke word ook in die hoofstuk behandel. Hoofstuk 2 skenk aandag aan die geskiedenis van moderne bankwese. Hoofstuk 3 behandel die bestaande metodes van kredietkeuring en risiko evaluering. Die teoretiese agtergrond met be-

trekking tot kredietkeuring en risiko-evaluering word in hoofstuk 4 behandel. Hoofstuk 5 toon die bevindings aan wat in die ondersoek na vore gekom het aan. Voorstelle ter verbetering van die huidige toedrag van sake word in Hoofstuk 6 gedoen en bespreek. Hoofstukke 7 en 8 bevat onderskeidelik die gevolgtrekking en aanbeveling wat moontlik 'n verbetering tot gevolg kan hê.

HOOFSTUK 2

DIE GESKIEDENIS VAN MODERNE BANKWESE

2.1 INLEIDING

Bankwese is 'n bedryf waarvan die oorsprong nie met volkome sekerheid bepaal kan word nie. Dit is egter wel bekend dat dit tydens van die vroegste beskawings op aarde moes ontwikkel het. Bankwese in verskillende vorme is bedryf in die antieke ryke van Babilon, Assirië, Juda en later die Griekse en Romeinse ryke (Barker, 218). In antieke Rome het bankiers verskeie tipes besigheid bedryf, sommige het as belastinginvorderingsagente opgetree vir die staat terwyl ander weer deposito's ontvang het vanaf die meer gegoede klasse, wat op hulle rekeninge geopereer het d.m.v. geskrewe orders. Hierdie bankiers het ook uitleentransaksies aangegaan. (Barker, 218)

Aangesien London beskou word as die finansiële sentrum van die wêreld, moet spesifiek na die ontstaan en ontwikkeling van bankwese in Engeland gekyk word. Dit word algemeen aanvaar dat bankwese soos dit vandag oor die wêreld heen bedryf word, ontstaan het in London en van daar ontwikkel het en versprei het oor die wêreld.

Die Jode wat lank reeds bankwese beoefen het, het hulle kennis dwarsoor Europa uitgedra. Hulle aktiwiteite het uitgebrei na Engeland gedurende die tweede helfte van die elfde eeu. (Barker, 218)

2.2 DIE LOMBARDS:

Gedurende die 13de tot 16de eeue het Italiaanse handelaars bekend as Lombards vanaf die vier Republieke van Genoa, Venisië, Florence en Lucca na Engeland gekom. Hulle aanvanklike besigheid was die van wolhandelaars, maar nadat hulle geweldige fortuine versamel het, het hulle hulle ook dan tot die bankwese gewend. Die Lombards het groot aanleg vir bankwese getoon en was dan ook baie suksesvol in die bedryf. (Barker, 218)

Die oudste opgetekende banke in moderne Europa is dan ook deur hulle gestig. (Barker, 218)

Die eerste was die Bank van Venisië gestig in 1157. Die primêre funksies was egter aanvanklik die ontvangs van subskripsies vir 'n openbare lening, beheer oor oordrag van effekte en die uitbetaling van rente. Dit is eers na die verloop van twee eeue dat die omvang van bedrywigheide verruim is om normale banksake in te sluit. (Barker, 218)

Die Florentynse private bankiers het egter as banke sake gedoen en is as sulks geag sedert die 13de eeu. Die Lombards het dus waardevolle kennis en ervaring van bankwese in daardie tyd oorgedra na Engeland wat 'n belangrike invloed gehad het op die vroeë ontwikkeling van bankwese in Engeland. (Barker, 218)

2.3 DIE GOUDSMEDE 1645 - 1694

Tot en met die 17de eeu het banksake basies bestaan uit uitleentransaksies en geldruiltransaksies. Op daardie stadium is deposito's nog nie teen die betaling van rente deur die banke aangetrek nie. Die ryk mense en adel wat surplus fondse en waardevolle items gehad het was gewoon daaraan om dit in die London Toring te laat toesluit onder veilige bewaring. (Barker, 218)

Hierdie stelsel het tot almal se bevrediging gewerk totdat Charles I in 1640 homself aan £200 000 gehelp het nadat die parlement geweier het om geld aan hom beskikbaar te stel. Hoewel die geld redelik gou terug betaal is was die publiek se vertroue in die Toring as 'n plek van veilige bewaring kwaai geskok. (Barker, 218)

Op daardie stadium het die goudsmede reeds 'n reputasie van hoë integriteit en eerbaarheid gehad. Omdat hulle met edelstene en metale gewerk het, het hulle kluis gehad vir die bewaring daarvan. Die adel en ander rykes het toe hulle geld en kosbaarhede by die goudsmede gedeponeer. (Barker, 218)

As gevolg hiervan het die goudsmede geweldige somme geld vergader en hoewel hulle onderneem het om dit op aanvraag te betaal het hulle gou geleer dat onttrekking op enige oomblik relatief klein was. Hierdie geld word toe teen redelike hoë rentekoerse aan handelaars uitgeleen. (Barker, 218)

Hierdie was 'n baie belangrike gebeurtenis in die evolusie van bankwese. Voorheen het die banke slegs hulle eie geld uitgeleen, hulle het nie van die fondse van deposante gebruik gemaak nie. Algaande het die goudsmede agtergekom dat hulle baie meer geld so winsgewend kan uitleen. Die kompetisie wat toe ontstaan het om deposito's aan te trek het daartoe gelei dat rente op deposito's deur die goudsmede aangebied is. 'n Verdere ontwikkeling is ingelui deur die uitreik van dokumente wat die ontvangs van 'n deposito erken, bekend as "Goldsmith's notes" wat dan oorgedra is van persoon tot persoon. Hierdie was die voorloper van banknote en is later verhandelbaar gemaak sonder die nodigheid van enige endosemente. (Barker, 218)

Die sake van die Engelse goudsmede het floreer tot 1672. Koning Charles II het 'n groot som geld teen 8% rente geleen. Hierdie bedrag is gedelg deur wekelikse paaiemente uit die Staatskas soos belastings gevorder is.

Die koning het egter die Staatskas gesluit en geweier om verder aan die lening terug te betaal. 'n Bedrag van £1 382 526 is nooit terug betaal nie en vorm blykbaar nog steeds deel van die Staatskuld van Engeland. Hierdie optrede het gelei tot die ondergang van baie goudsmede en vertrouenskok by die deposante wat baie geld verloor het as gevolg van die goudsmede wat onder gegaan het. (Barker, 218)

2.4 DIE BANK VAN ENGELAND

Na die ervaring van die goudsmede in 1672 is verskeie skemas aan die hand gedoen om 'n groter mate van veiligheid in die sisteem te bewerkstellig.

Gedurende 1694 is die Bank van Engeland gestig onder 'n Koninklike Oktrooi. Koning William III het fondse benodig vir sy oorlog teen Louis XIV van Frankryk. (Barker, 220) Sommige skrywers wil dit hê dat dit die enigste rede was vir die stigting van die Bank. "In 1694 had been found the Bank of Engeland, owing its origin, as had the earlier Italian banks, to a Government loan." (Brooks, 1930:89). Die totale kapitaal van £1 200 000 getrek vanaf die publiek is dan ook aan die Regering uitgeleen. (Barker, 220).

Ingesluit in die regulasies van die bank was 'n regulasie wat die bank magtig om geld uit te leen maar slegs teen sekuriteit van goedere of handelware aan die bank verpand. Geen lenings mag ook aan die koningshuis gemaak word sonder goedkeuring deur die Parlement nie. (Barker, 221)

Hier sien ons die reaksie van hiper konserwatisme nadat probleme met slegte skuld ondervind is.

Geen saak of aansoeker word behoorlik ondersoek nie. Indien daar nie genoegsaam kwalifiserende bates is om te verpand nie sal geen lening toegestaan word nie. Die

Bank van Engeland was dus in daardie jare niks anders as 'n pandjieswinkel met 'n indrukwekkende naam, as na die leningsy van hul besigheid gekyk word, nie.

Deur die Oktrooi van 1708 is alle ander bankinstellings met meer as 6 lede verbied om note uit te gee. Aangesien dit in daardie dae aanvaar is dat 'n bank net kon geld maak as hy sy eie note uitgee het dit tot gevolg gehad dat daar nie banke met groot hoeveelhede aandeelhouers tot stand gekom het nie. (Barker, 222)

Buite London, in die platteland, het egter heelwat banke bestaan met minder as 6 lede. Hierdie banke was dus geregtig om note uit te reik. Die Bank van Engeland het dus nie 'n alleenreg of monopolie op die uitreiking van note gehad nie. (Brooks, 1930:90)

Na die beperkinge op die uitgifte van note geplaas is het dit begin blyk dat banksake nog baie winsgewend bedryf kan word al word geen note uitgereik nie. Heelwat banke in London wat wel gekwalifiseer het, het nie van hulle reg gebruik gemaak om note uit te reik nie. (Brooks, 1930:90)

Om een of ander onverklaarbare rede het die bedryf eers in 1822 besef dat die Oktrooi van 1708 nie banke met 'n groot aantal aandeelhouers totaal verbied nie maar hulle slegs verbied om note uit te reik. (Brooks, 1930:90) Hierdie feit is bekragtig in wetgewing van 1826 wat dit duidelik stel dat maatskappye met meer as 6 lede bankbesigheid mag doen buite 'n 65 myl radius vanaf London.

Die industriële revolusie het egter soveel druk op die finansiële stelsels van die land geplaas dat daar in die Oktrooi van 1833 bepaal is dat "...Any body politic or corporate, or society or company or partnership, although consisting of more than six persons, may carry on the trade or business of banking in London, or within sixty-five miles thereof, provided that (they) do not borrow or take up in England, any sum of

money on their bills or notes payable on demand or at any less time than six months from the borrowing thereof." (Brooks, 1930:91)

Hierdie wysiging en verslapping in regulasies het dan aanleiding gegee tot die stigting van sulke bekende banke soos London and Westminster Bank, London and County Banking Company in die volgende jaar sowel as die bestaande groot banke soos Midland Bank, Lloyds Bank, en Barclays Bank wat toe London toe geskuif het. Hierdie was dan die begin van banke soos ons dit vandag ken. (Brooks, 1930:91)

2.5 DIE ONTWIKKELING VAN BANKWESE IN SUID-AFRIKA

Die geskiedenis van bankwese in Suid-Afrika kan sedert 1793 in vier periodes ingedeel word. (Barker, 245)

2.5.1 1793 – 1861

Die eerste bank in Suid-Afrika was die Bank van Leening wat in 1793 deur twee amptenare uit Nederland gestig is. Hierdie amptenare is deur die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie, wat destyds die Kaap regeer het, gestuur om die administrasie van openbare aangeleenthede te ondersoek en te reorganiseer. 'n Groot tekort aan note en munte het ontstaan en die koloniste was baie ontevrede.

As gevolg van swak bestuur en kredietbeheer veral gedurende die tydperke van Hollandse bestuur van die Kaapkolonie het die toestand toenemend verswak. Die waarde van die Riksdalder het gedaal van 2/3d in 1815 tot 1/6d in 1822. In 1825 besluit die Engelse Regering om die Riksdalder met die Pond te vervang teen 1/6d tot die Riksdalder. Dit het aanleiding gegee tot die uitfasering van die Hollands georiënteerde banke in die Kaapkolonie wat toe onder Engelse beheer gebly het. Die bank van Leening het dan ook sy deur finaal in 1842 gesluit.

Intussen is private banke met aandelekapitaal gestig. Hulle het dan ook toenemend die bankwese in die Kaapkolonie oorgeneem. Die eerste van hierdie banke wat tot stand gekom het was Cape of Good Hope Bank in 1836, South African Bank en die Eastern Province Bank in 1838. Hierna het banke soos paddastoele opgespring en tussen 1836 en 1861 is nie minder nie as 29 banke in die Kaapkolonie gestig.

Nie een van hierdie banke was verplig om enige finansiële resultate te publiseer nie en almal van hulle kon banknote uitreik sonder enige regsbeperking. Van die 29 banke wat gedurende hierdie periode ontstaan het is omtrent die helfte geabsorbeer deur groter instellings en die ander helfte het misluk en is gelikwideer.

2.5.2 1861 – 1891

In 1861 word die London and South African Bank gestig met 'n opbetaalde kapitaal van £200 000 en een jaar later die Standard Bank of British S.A. Ltd met 'n opbetaalde kapitaal van £500 000. Hierdie banke was baie meer kapitaalkragtig as die ander 29 en was ook albei buitelandse maatskappye. Beide heirdie banke het dadelik 'n beleid van amalgamasie en konsolidasie van die bankbedryf gevolg en baie van die onafhanklike en kleiner banke oorgeneem. Binne 20 jaar het die bank takkantore vermeerder na 89 maar die hoeveelheid banke het verminder na 11.

Gedurende 1877 amalgameer hierdie twee groot banke om die grootste finansiële instelling in die Kaapkolonie te word. Transvaal word ook in daardie jaar betree met takke in Pretoria, Lydenburg, Potchefstroom en Heidelberg. Standard Bank is deur die Volksraad van die Oranje Vrystaat verbied om in daardie Republiek sake te doen as gevolg van 'n baie sterk anti-Engelse gevoel onder die volk.

Omrede die groot voorkoms van die mislukkinge van Banke gedurende 1881 tot 1890 is die behoefte aan groter openbaarmaking omtrent banke se finansiële sake asook groter beheer oor die uitreiking van banknote. Na aanleiding hiervan is die Kaapse Bankwet van 1891 uitgevaardig wat onder andere bepaal het dat.

1. Elke bank moes die owerhede op 'n kwartaallikse basis van finansiële inligting op 'n voorgeskrewe vorm voorsien. Die owerhede het verder ook nog twee keer 'n jaar inligting op 'n verrassingsbasis aangevra.

2. Die owerhede kon onder sekere omstandighede inspekteurs aanstel om die sake van 'n bank te ondersoek.

3. Enige bank wat note wou uitreik moes sekuriteite ter waarde van die bedrag waarvoor note uitgereik wou word by die owerhede deponeer. Die uitreiking van note was beperk tot die bedrag van die kapitaal en reserwes van die bank.

Twee jaar later is 'n wet met bykans dieselfde bepalings in die Transvaal uitgevaardig. Hierdie was die belangrikste wette wat bankwese in Suid-Afrika gereguleer het tot en met die Unie Bankwet van 1917. Hierdie wet het bankwese in die Unie van Suid-Afrika beheer.

2.5.3 1891 – 1920

Gedurende hierdie periode het daar nie nuwe banke tot stand gekom nie. Dit was egter 'n periode van verdere amalgamasies en oornames van banke totdat die bankwese in die hele Unie van Suid-Afrika in 1920 basies deur Standard Bank of S A Ltd, National Bank of S.A. Ltd en Netherlands Bank of South Africa beheer is. Hierdie is vandag nog die drie grootste bankinstellings in Suid-Afrika hoewel die name intussen

so 'n bietjie verander het. Gedurende hierdie 30 jaar was die uitstaande kenmerk sekerlik die tot nog toe ongekeerde uitbreiding van die taknetwerke van die banke. (Barker, 252)

2.5.4 1920 – DIE HEDE

Die Eerste Wêreldoorlog en die gevolge daarvan op die Suid-Afrikaanse ekonomie het die bankwese baie hard geslaan. National Bank of S.A. Ltd moes in 1923 sy totale Reserwefonds van £1 300 000 en een derde van sy kapitaal van £3 000 000 afskryf as gevolg van slegte skulde.

Twee jaar later smelt National Bank of S.A. Ltd, Barclays Bank Ltd, Colonial Bank en Anglo-Egyptian Bank Ltd saam en vorm Barclays Bank D.C.O. wat deesdae bekend is as Eerste Nasionale Bank Bpk.

Die belangrikste gebeurtenis is egter die Bankwet van 1920 en die daaropvolgende Wysigings wette no's 22 van 1923 en 26 van 1930 wat aanleiding gegee het tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die verbod op die uitreiking van banknote deur die handelsbanke.

As gevolg van die groeiende besef deur Afrikaners dat die finansiële mag van Suid-Afrika in die hande van die Engelsprekendes lê het 'n suiwer Afrikaanse bank naamlik Volkskas Beperk later tot stand gekom. Dit is heelwat later deur nog 'n Afrikaanse bank naamlik Trust Bank Bpk gevolg. Trust Bank was nie so onbeskaamd ingestel op die Afrikaner se lojaliteit en sentiment nie. Beide hierdie twee banke is vandag nog baie suksesvol en tel onder die vyf groot bankgroepe in Suid-Afrika wat die mark vir finansiering en finansiële dienste totaal oorheers en beheer.

'n Hele aantal meer gespesialiseerde bankinstellings wat gespesialiseerde dienste aanbied het ook ontstaan. Uit die oogpunt van die klein tot middelgrootte maatskappy is die vyf groot handelsbanke egter by uitstek en amper in totaliteit verantwoordelik vir finansiering.

Die grootste ontwikkeling in bankwese gedurende hierdie periode is sekerlik die elektroniese rewolusie wat bankwese getref het. Ons staan huidiglik binne in hierdie tydperk wat dit moontlik maak om dienste aan kliënte aan te bied wat tot so onlangs as 10 jaar gelede nie van gedroom sou word nie.

Soos in Engeland het bankwese ook in Suid-Afrika deur 'n ewolusie proses gegaan van geen of weinig kontrole tot die goed geordende en gekontroleerde bedryf van vandag. Kredietverskaffers en die beoordeling van risiko het egter 'n baie stadige verandering ondergaan. In die vroegste tye is fondse voorgeskiet op grond van die integriteit van die lener. Later toe banke groter word en die persoonlike kontak met leners kleiner word is slegs teen aanvaarbare sekuriteit voorgeskiet. Vandag word 'n mengsel van hierdie metodes gevind.

In die volgende hoofstuk word daar gekyk na bestaande metodes van kredietkeuring en risiko evaluering.

Hoofstuk 3

3.1 BESTAANDE METODES VAN KREDIETKEURING EN RISIKO EVALUERING – 'N EVALUASIE

Die bepaling van die risiko op enige finansieringstransaksie is ongetwyfeld die heel belangrikste aspek in enige kredietkeuringsproses. Hoe groter die vertroue is wat enige persoon het in die risiko evaluering hoe groter gelykmatigheid sal daar in die optrede teenoor kliënte wees.

Indien die kritiek wat grappenderwys na banke geslinger word naamlik: "Banke is instansies wat sambrele uitdeel as die son skyn net om dit dadelik terug te neem as dit begin reën", in die konteks van bogenoemde stelling beskou word, is dit duidelik dat bankiers nie vertroue in hulle risiko evaluering het nie. Die optrede van banke teenoor kliënte neig om te senuweeagtig te wees in tye van teenspoed.

Soos uit die geskiedenis soos weergegee in die vorige hoofstuk blyk, het van die groot finansiële krisis ontstaan as gevolg van leners wat nie hulle verpligtinge teenoor hulle bankier kon of wou nakom nie. Dit is dus verstaanbaar dat banke geweldig besorg sal wees oor die risiko verbonde aan enige betrokke lening.

Die proses van risiko evaluering was deur al die jare nog geheel en al subjektief. Die rede hiervoor is dat die beoordelaar van die risiko van inligting voorsien word wat hy moet verwerk sonder dat vaste onfeilbare maatstawwe aan hom voorsien is waarteen hy die inligting kan meet. Die veranderlikes ter sprake is so talryk dat geen suksesvolle formule vir objektiewe beoordeling nog ontwikkel kon word nie. Uit na-

vorsing gedoen in die verlede (Van Rensburg, 1985) bleik dit dat daar gestrewe word na die ontwikkeling van 'n totaal objektiewe metode van risikoanalise.

Risikobeoordeling behels die bepaling van die waarskynlikheid dat 'n maatskappy sodanig sal presteer in die toekoms dat alle verpligtinge teenoor sy bankier te alle tye nagekom sal kan word. A Fishman (1982: "Identify the reasons why loans are approved or rejected" soos aangehaal deur Van Rensburg 1985:72) stel die redes waarom kredietaansoeke goedgekeur word as volg: kwaliteit van bestuur, risiko vir afskrywing laag, grootte van lening in verhouding tot finansiële sterkte van die onderneming, kredietrisiko geskiedenis, doel van die lening aanvaarbaar en likwiditeitsposisie goed. Hierteenoor is die redes vir afkeuring soos volg: skuldmas reeds te hoog, te min sekuriteit, onvermoë om terugbetalingsvermoë aan te toon, swak kredietrisiko geskiedenis en onvoldoende kredietevalueringsinligting.

Al bogenoemde redes word deur een begrip omvat nl. **risikopersepsie** 'n Bank wil altyd geld uitleen. Die engste rede hoekom 'n bank nie aan 'n maatskappy geld sal leen nie is omdat die betrokke bank se persepsie van die risiko verbonde aan die transaksie negatief is. Met ander woorde die bank voel dat die waarskynlikheid dat die aansoeker nie in die toekoms sy verpligtinge sal kan nakom nie, onaanvaarbaar hoog is.

Ten einde risiko te kan beoordeel is dit belangrik om vooraf kennis te neem van die belangrikste faktore wat risiko in 'n geldleentransaksie beïnvloed, en om daarna deeglik te besin omtrent die metodes om hierdie faktore se teenwoordigheid en/of invloed op elke spesifieke geval te ondersoek.

Die belangrikste faktore is bestuur en finansiële posisie en vermoë. Hierdie twee faktore ondervang dan ook alle ander faktore wat in aanmerking geneem moet word.

Indien die finansiële posisie en vermoë op die stadium wat beoordeling plaasvind sodanig is dat die risiko relatief laag is, behoort goeie bestuur van die onderneming te verseker dat die toestand gehandhaaf kan word.

Bestuur: is die grootste enkele faktor wat bepaal waarheen 'n maatskappy op pad is. Dit bepaal dus, tot die grootste mate wat van so 'n maatskappy in die toekoms verwag kan word. Aangesien die risiko vir die bankier lê in wat in die toekoms gaan gebeur, is die belangrikste aspek wat deur die bankier ondersoek moet word dus die bestuur van die maatskappy.

Finansiële vermoë en resultate: Dit dui die onderliggende finansiële krag van 'n maatskappy aan wat dan ook 'n bepalende faktor is by die vermoë van so 'n maatskappy om onverwagse teenslae te oorkom en te verwerk. Die finansiële resultate is histories van aard en is grotendeels net van waarde indien dit vergelyk word met ander maatskappye in dieselfde sektor ten einde op die manier die effektiwiteit van bestuur uit 'n ander oogpunt te meet.

Op die huidige stadium word groter klem gelê op die finansiële vermoë en resultate van 'n maatskappy as op die bestuur van 'n maatskappy wanneer die risiko beoordeel word. Die grootste enkele rede hiervoor is omrede die inligting geredelik beskikbaar is en deur 'n klompie goed gekombineerde verhoudings uit te werk kan binne 'n relatiewe kort periode bepaal word wat die finansiële posisie van die maatskappy is en 'n idee kan gevorm word omtrent die finansiële bestuur van die maatskappy. Alles berus egter op historiese inligting en bloedweinig omtrent die toekoms kan daaruit afgelei word. Die situasie word baie goed as volg opgesom in 'n artikel deur Smith (1966:391): "It should be emphasised that this information is, for the most part, history, but history has a tendency to repeat itself and in the absence of a crystal ball it is in any case all we have with which to forecast what the future position will be."

3.2 JONGSTE NEIGING IN BANKWESE

In die jongste tyd het 'n nuwe konsep in bankwese ook in Suid-Afrika posgevat.

Hierdie konsep genaamd "verhoudingsbankwese" het ten grondslag die daarstel en handhawing van 'n kontinue verhouding tussen bankier en kliënt. Uiteraard impliseer dit dat 'n perpetuele verbintenis tussen bank en kliënt nagestreef word.

Indien hierdie strewende in gedagte gehou word kan daaruit afgelei word dat, om dit baie simplisties te stel, 'n bank sodra hy geld aan 'n kliënt geleen het dit nooit terugbetaal wil hê nie. Hierdie afleiding maak 'n groot verskil in die risiko waaraan so 'n bank blootgestel word. In vergelyking met die ou konsep van korttermynfinansiering waar na terugbetalingsvermoë oor die korttermyn gekyk is behoort die klem te verskuif na die oorwegings wat vir 'n belegger in 'n maatskappy geld.

Die belangrikste van hierdie oorwegings uit die bankier se oogpunt gesien is sekerlik die sekerheid van onbepaalde voortbestaan en die voortdurende handhawing van 'n gesonde groeikoers. Die enkele belangrikste faktor wat bogenoemde aspekte bepaal is die bestuur van die maatskappy.

Die bestuursaspek van kredietrisiko word op die huidige stadium nie na behore deur banke in ag geneem nie. In 'n bedryf soos die waarin bankwese dus nou ontwikkel is dit van uiterste belang dat hierdie aspek baie groter aandag moet kry. Indien 'n bank nie weet of hulle die bestuur van 'n maatskappy kan vertrou om 'n maatskappy op die pad van sukses te hou nie, kan geen gesonde verhouding gebaseer op wedersydse vertroue, tot stand kom nie.

3.3 DIE HUIDIGE BEDELING

Die huidige metode van kredietkeuring is soos voorheen vermeld ontwikkel en aangepas by die vroeëre rol en strategie van banke, naamlik die verskaffing van

korttermyn finansiering op 'n eenmalige basis. Daar word nog tot 'n baie groot mate na elke aansoek in isolasie gekyk en die risiko word beoordeel deur historiese syfers en inligting wat beskikbaar is, te projekteer op die toekoms en daarvolgens die toekoms te voorspel.

3.3.1 Die meeste kredietaansoeke wat deur bankkamptenare aan hulle kredietafdelings vir beoordeling voorgelê word, word in 'n formaat wat binne elke bank gestandaardiseer is gedoen. (Sien bylaag 1.)

Indien die standaard voorleggings bestudeer word, kan die volgende aspekte wat ondersoek word, duidelik geïdentifiseer word.

3.3.1.1 Agtergrond omtrent die aansoeker

In die meeste gevalle sal sekere feite slegs aanvanklik vermeld word soos o.a. die naam van die aansoeker, die aard van die maatskappy se besigheid, wie die aandeelhouers, ouditeure en direkteure van die maatskappy is. Verder kan ook hier vermeld word die datum van inkorporasie, waar die hoofkantoor geleë is, hoeveel takkantore daar bestaan. Gewoonlik word 'n groepstruktuur ook in die gedeelte vereis.

Die agtergrondinligting omtrent die aansoeker is van baie groot belang aangesien dit as't ware die aansoeker bekendstel en die bankier in staat stel om homself van die omgewing van die aansoeker te vergewis. Ongelukkig word talle besluite al reeds op grond van hierdie inligting alleen geneem deurdat sekere bekende name in die lys van aandeelhouers en/of direkteure mag voorkom.

3.3.1.2 Agtergrond omtrent die bestuur

Die bestuur van 'n maatskappy word merendeels deur die banke beoordeel op grond van vorige prestasies deur sekere individuele lede van die bestuurspan sowel as op finansiële resultate van so 'n maatskappy. Om hierdie rede word dit

deur sommige banke vereis dat vermeld moet word wat die kwalifikasies en ondervinding van bestuurslede van 'n aansoekermaatskappy is.

Soos hierbo is ook hierdie inligting baie nuttig omrede dit 'n prentjie kan vorm van die potensiaal sowel as kennis van die bestuurspan. Hierdie inligting op sigself is egter hopeloos onvoldoende om die bestuur van 'n maatskappy te beoordeel.

3.3.1.3 Finansiële posisie en resultate van die maatskappy

Hierdie inligting word as die heel belangrikste beskou en in meeste gevalle is dit wel hierdie inligting wat die grootste invloed het op die keuringsbesluit. Hoewel dit nie die ideale toedrag van sake mag wees nie is dit om verskeie redes verstaanbaar waarom soveel op die finansiële state van 'n maatskappy gesteun word by kredietkeuring.

3.3.1.3.1 Inligting is geverifieer

Alle maatskappye is deur wet verplig om jaarliks geouditeerde finansiële state te produseer. Die bankier kan redelik seker wees dat die finansiële state 'n redelike weergawe van die ware toedrag van sake is indien 'n ongekwalfiseerde auditverslag aangeheg is.

3.3.1.3.2 Finansiële state bevat feite

In teenstelling met begrotings en projeksies wat skattings bevat, bevat finansiële state feite omrede dit handel met dinge wat reeds gebeur het.

3.3.1.3.3 Redelik maklik om tendense te bepaal

Oor 'n periode van die laaste vyf jaar kan tendense in die ontwikkeling van die maatskappy se finansiële posisie bepaal word. Deur gebruik te maak van 'n paar basiese finansiële verhoudings wat op die finansiële state bereken word. Dit is van geweldige hulp vir die persone wat keuringsbesluite moet neem.

3.3.1.3.4 Vergelyking met soortgelyke ondernemings

Deur die resultate van 'n aansoeker met die van soortgelyke ondernemings te vergelyk, kan aan die besluitnemer aantoon of die aansoekermaatskappy 'n onder-, gemiddelde of bo-gemiddelde presteerder is. Dit opsigself sal 'n groot effek op die keuringsbesluit hê.

3.3.1.3.5 Inligting is maklik bekombaar

Aangesien die opstel van geouditeerde finansiële state deur wet verplig word, het alle maatskappye hierdie inligting geredelik beskikbaar. Geen diepgaande ondersoek of navorsing is dus nodig om sodanige inligting te bekom nie.

3.3.1.3.6 Die toekoms kan oor die relatief kort termyn redelik goed voorspel word deur 'n kundige.

Deur gebruik te maak van die tendens wat te bespeur is uit die verhoudingsgetalle wat bereken word, sowel as ondervinding deur die betrokke kredietevalueerder oor jare opgedoen, kan die toekoms oor die korttermyn redelik akkuraat voorspel word.

3.3.1.4 Inligting omtrent bestaande finansiering en lenings

Hierdie inligting word as baie belangrik beskou deur die kredietevalueerder. Hy word van 'n prentjie voorsien wat aantoon watter partye almal reeds by die aansoeker betrokke is, watter rentekoerse gevra word en wat die maandelikse verpligtinge van die aansoeker teenoor sy finansiers is.

Banke hou nie daarvan om alleen alle finansieringsrisiko te dra nie maar is aan die ander kant ook nie gelukkig as 'n aansoeker te veel fasiliteite by ander instellings het nie. In so 'n geval kan 'n bank te maklik beheer oor sy risiko/lening verloor.

3.3.1.5 Kommentaar gedeelte.

Die voorgaande gedeelte van die standaard aansoekvorms is gewoonlik vooraf gedruk en die formaat is rigied. Gewoonlik word 'n tabelvorm gebruik waar inligting in bepaalde posisies ingevul moet word.

Die kommentaar gedeelte is egter heelwat vryer wat uiteensetting betref, daar word egter verwag dat sekere aspekte bespreek moet word en redelik breedvoerig behandel moet word. Die aspekte wat behandel moet word sluit die volgende in:

3.3.1.5.1 Die bestuur van die onderneming

Daar word verwag dat 'n mening oor die kwaliteit van bestuur uitgespreek moet word. Aangesien die persoon wat die ondersoek doen in meeste gevalle nie oor die kennis beskik om die bestuur te beoordeel nie en daar geen maatstawwe tans in bankwese bestaan waarteen die bestuurspraktyke gemeet kan word nie, word die ondersoek na die bestuur beperk tot die kwalifikasies van die individue in die bestuur sowel as elkeen se loopbaangeskiedenis ("Track record").

Hierdie aspek is na die skrywer se mening die belangrikste aspek wat ondersoek moet word ten einde werklik die risikoprofiel van 'n maatskappy te bepaal. Tans word dit nog nie behoorlik ondersoek nie, gevolglik kan die kredietevalueerder geen betroubare risiko-evaluasie maak nie.

3.3.1.5.2 Kommentaar omtrent tendense in finansiële verhoudings

Sekere veranderinge in die finansiële verhoudings kan plaasgevind het indien dit met dié van die vorige jare vergelyk sou word. Enige wesenlike veranderinge moet duidelik uitgelig en verklaar word. Dit word ook verwag dat enige faktore of gebeurtenisse wat die gevolg gehad het dat sekere verhoudings versteur word, in detail behandel word sodat die tendense in perspektief gestel kan word.

3.3.1.5.3 Begrotings vir huidige jaar

Begrote syfers moet bespreek word om die evalueerder 'n idee te gee van wat deur die maatskappy verwag word vir die jaar wat voorlê. Geen ondersoek word verlang na die basis waarop die begroting opgestel is nie.

3.3.2 Die morele verpligting wat op die bank rus om die kliënt deur dik en dun by te staan verhoed hom om weg te hardloop by die eerste tekens van probleme. Dit gee aanleiding daartoe dat daar verkieslik sake gedoen word met 'n vaste kern van kliënte en dat sake alleen met nuwe kliënte gedoen word ten einde groei te bewerkstellig. Die nuwe kliënt moet dan by die bestaande kern van kliënte ingevoeg word. Indien bestaande kliënte enige verpligtinge sou terug betaal moet addisionele nuwe kliënte bekom word. Die huidige doelwit is dus om so vermoontlik te verhoed dat enige terugbetalings van lenings van bestaande kliënte plaasvind. In eenvoudige terme kom dit daarop neer dat banke nooit terugbetaling van enige lenings wil hê nie. Die bank moet dus baie goeie vertroue in die toekoms van 'n maatskappy hê alvorens geld aan so 'n maatskappy voorgeskiet kan word.

3.3.3 Die banke moet dus die metodes vind waarvolgens die langdurige toekomstige sukses van 'n maatskappy met redelike vertroue voorspel kan word. Soos blyk uit die standaard aansoekvorms, gebruik banke oor die algemeen nog hoofsaaklik historiese inligting om die toekoms mee te voorspel.

3.4 Die volgende hoofstuk word gewei aan die teoretiese aspekte by kredietkeuring en risiko evaluering.

HOOFSTUK 4

TEORETIESE AGTERGROND

4.1 INLEIDING

Sedert die eerste geldleen transaksie op aarde bestaan die probleem vir die uitlener. Hoe kan ek seker maak dat hierdie persoon of instansie aan wie ek nou geld geleen het, my wel weer sal terugbetaal.

Smith (1966:392) is van mening dat die terugbetaling van skuld hoofsaaklik van twee faktore afhang naamlik die behoefte om te betaal en die vermoë om te betaal. Ons kan hierdie faktore eintlik dan ook op 'n ander wyse stel naamlik die integriteit en finansiële welstand van 'n lener.

Die integriteit van 'n maatskappy hang af van die integriteit van die bestuur van die maatskappy. Dit is dus voldoende om die seniorbestuur van die maatskappy te ondersoek ten einde 'n idee te vorm van die integriteit van die individue. Banke het normaalweg nie probleme met instansies wat nie die bedoeling het om te betaal nie aangesien die bankiersgemeenskap so klein is dat 'n slegte ondervinding met 'n maatskappy baie gou aan almal bekend is en dat so 'n maatskappy nie maklik geholpe kan raak op 'n ander plek nie.

Die vermoë om terug te betaal is 'n probleem wat bankiers in die verlede en vandag nog laat kopkrap. Aangesien die vermoë om terug te betaal direk afhang van die finansiële vermoë van 'n maatskappy vorm die finansiële state die belangrikste bron van inligting omtrent die vermoë om terug te betaal.

4.2 DIE GEBRUIK VAN FINANSIËLE STATE AS DIE HOOF BRON VAN INLIGTING OM TE BEPAAL OF 'N MAATSKAPPY DIE VERMOË SAL HÊ OM 'N LENING TE KAN TERUGBETAAL.

4.2.1 Finansiële verhoudings*as mees algemene vorm van gebruik

Finansiële state, as die hoof bron van finansiële inligting word deur alle uitleners

van geld gebruik om die finansiële posisie van 'n maatskappy te bepaal. Daar bestaan verskeie metodes waarop finansiële state gebruik kan word. Dit hang direk af van watter inligting daaruit bekom wil word. Soos Smith (1966:391) tereg opmerk is 'n enkele jaar se finansiële state selde iets werd vir die persoon wat die toekomstige terugbetalingsvermoë van 'n maatskappy moet bepaal. Tensy die state buitengewoon goed of buitengewoon sleg is moet vergelykings getref kan word soos wat Miller (1978:158) "intrafirma" en "interfirma" noem. Hierdie vergelykings moet dan ook vir 'n aantal jare gedoen word om 'n tendens te kan bepaal.

Hierdie behoefte aan vergelyking het so vroeg as die laat 1800's aanleiding gegee tot die gebruik van die eerste finansiële verhoudings deur banke om die terugbetalingsvermoë van kliënte te probeer bepaal. Die eerste verhouding wat dan ook volgens Miller (1978:158) gebruik is, is die verhouding Bedryfsbates/Bedryfslaste of die bedryfskapitaalverhouding.

Die gebruik van finansiële verhoudings het snel toegeneem en dit is die skrywer se mening dat dit te danke is aan die feit dat die vergelyking van verhoudings met mekaar, selfs relatiewe leke in staat gestel het om finansiële state te beoordeel en 'n mening te kan vorm omtrent die finansiële welstand van 'n maatskappy. Die gebruik van verhoudings het dan ook die gebruiker van die state in staat gestel om 'n betrokke maatskappy met ander soortgelyke maatskappye te vergelyk (interfirma vergelyking), of om die resultate van 'n betrokke maatskappy vir 'n aantal jare te vergelyk om 'n tendens te bepaal (intrafirma vergelyking).

- 4.2.2 Die klemverskuiwing ten opsigte van die kritiese inligting wat benodig word na gelang van die verandering van bankwese oor die laaste aantal jare.**
- Banke het in die vroeër jare net korttermyn transaksies aangegaan en daar was nie so 'n groot strewe na 'n langtermynverbintenis met 'n kliënt soos wat algemeen die geval vandag in Suid-Afrika is nie. Om hierdie rede was die mees

kritiese aspek van 'n kliënt se posisie wat ondersoek moes word sy likiditeit en kontantvloei. Dit is dus glad nie onverwags dat die likiditeitverhouding Bedryfsbates/Bedryfslaste die eerste verhouding is wat deur banke gebruik is nie.

In 1977 voer D.S.J. Remenyi in sy artikel "The Role of Cash Analysis in the Advance Decision" aan dat dit absoluut noodsaaklik is dat 'n kontantontleding van 'n maatskappy gedoen moet word alvorens 'n leningsbesluit geneem kan word. Skrywer het geen kritiek uit te spreek teen so 'n stelling nie. Selfs in ons veranderde situasie is hierdie stelling nog steeds geldig. Selfs in 1977 was daar nog nie 'n beweging in bankwese in die rigting van langer termyn verbintenisse nie. Elke aansoek is beoordeel uit die oogpunt van 'n korttermyn lening en dus uit die oogpunt van korttermyn finansiering.

Gedurende 1986 verskaf Thwaites en Hardie (1986:143.144) 'n baie goeie riglyn vir die benadering tot 'n keuringsbesluit. Die inligting wat volgens hulle bekom moet word, word deur hulle in twee kategorië verdeel naamlik kwantitatief en kwalitatief.

Die kwantitatiewe inligting word ooglopend verkry vanaf die finansiële state en rekords van die aansoeker. Hierdie gedeelte van die benadering stem ooreen met wat al die jare nog gedoen is.

Die kwalitatiewe inligting wat bekom word is 'n uitbreiding van die inligting wat tradisioneel ingesamel is. Hierdie inligting sluit in Interne- sowel as Eksterne Sakeoorsigte. Die Interne Sakeoorsig behels onder andere inligting omtrent produkte, konkurrente, en produksie bestuur. Die Eksterne Sakeoorsig dek onder andere aangeleenthede soos ekonomiese faktore en die mark.

Hieruit kan duidelik waargeneem word dat daar 'n beweging is in die rigting om die inligting wat nodig is om die langtermyn potensiaal van die onderneming te bepaal, te verkry.

4.2.3 **Hoe word die voortbestaan of ondergang van 'n maatskappy tans deur 'n bank "voorspel".**

Dit is vir 'n Bankier intens belangrik om vroegtydig 'n ramp te kan sien kom sodat die nodige stappe geneem kan word om posisies te beveilig, te verskans of om ontslae te raak van potensiële verliese.

4.2.3.1 **Smith (1966:392) meld twee insolvensietoestande wat hy klassifiseer as**

(1) "Gone-concern insolvency" en

(2) "Going-concern insolvency".

"Gone-concern insolvency" kom neer op tegniese insolvensie waar die laste die bates van 'n maatskappy oorskry.

"Going-concern insolvency" kom neer op so 'n kroniese kontanttekort dat alle verpligtinge nie op 'n gegewe tydstip nagekom kan word nie. Fisiese likwidasië hoef nie plaas te vind nie.

Die tegniese solvante/insolvente posisie op 'n gegewe oomblik word deur die balanstaat aangedui. Die kontantvloei posisie op 'n bepaalde stadium kan ook uit historiese finansiële state afgelei word. Die bankier kan dus maklik presies weet wat in die verlede gebeur het. Sy dilemma is egter dat hy moet probeer bepaal wat in die toekoms gaan gebeur.

In sy artikel "The Financial Analysis of Balance Sheets" gaan Smith (1966:392) van die standpunt af uit dat die finansiële state as basis gebruik word om die toekomstige finansiële toestand van die maatskappy te kan aflei. Hy gee wel toe: "It should be emphasized that this information is, for the most part, history, but history has a tendency to repeat itself and in the absence of a crystal ball it is in any case all we have with which to forecast what the future position will be." (Smith 1966: 392). Smith stel dit egter baie duidelik dat 'n enkele jaar se finansiële state in weinig gevalle voldoende is om enige lenings te kan vorm. Hy is van mening dat 'n aantal jare se state nodig is om te vergelyk ten einde 'n tendens te kan bepaal.

'n Baie sistematiese, praktiese en effektiewe metode word deur Smith (1966:392) voorgestel om finansiële state te ontleed. Onder andere bestaan dit uit 'n voorlopige ondersoek van die balanstaat. Vrae soos die volgende kan moontlik gestel word:

Is die ouditverslag gekwalifiseer of nie?

Word langtermyn- en bedryfslaste korrek geopenbaar?

Word vaste- en bedryfsbates korrek geopenbaar?

Wat is die relatiewe omvang van aantasbare bates in die balanstaat?

Hierna word 'n verhoudingsanalise gedoen waaruit die solvabiliteit, likiditeit en winsgewendheid afgelei kan word.

In hierdie geval word die finansiële state aangewend vir 'n doel waarvoor dit nooit ontwerp is nie. Finansiële state se doel is die finansiële verslagdoening aan die lede van 'n maatskappy omtrent die bedryfsresultate van die vorige boekjaar asook die finansiële posisie van daardie maatskappy aan die einde van die boekjaar.

4.2.3.2 Miller (1978:159) in sy artikel "Financial Ratios: Caveat Arguntarius" waarsku teen die ooglopende tekortkominge in die gebruik van balansstaatverhoudings by die beoordeling van 'n maatskappy se finansiële posisie.

4.2.3.2.1 Hy voer eerstens aan dat ongeag die basis wat gebruik is balansstaatverhoudings onderworpe sal wees aan 'n aantal eksogene faktore bv. ekonomiese faktore, nywerheidsfaktore en ondernemingsfaktore. Verhoudings word deur hierdie faktore beïnvloed. Dit kan dus net as basis vir voorspelling dien indien aangeneem word dat hierdie faktore oor die voorspellingstydperk konstant gaan bly. Die ander alternatief is om 'n siening te neem oor hierdie faktore en die effek daarvan op die maatskappy se state en dit in ag te neem word by die voorspelling van die finansiële posisie oor 'n gegewe tydperk. Tensy banke deskundiges het in elke

bedryfstak om dan hierdie voorspellings te maak is dit onprakties en onmoontlik. Andersyds weer as voorspellings nie op hierdie basis gedoen word nie kan dit nie juis betroubaar wees nie.

'n Volgende faktor wat verhoudingsgetalle onbetroubaar maak is die gebrek aan uniformiteit in die ouditprofessie met betrekking tot verslagdoening en openbaarmaking. Vergelyking tussen maatskappye in 'n bedryfstak raak baie moeilik. Verandering in rekeningkundige beleid van 'n maatskappy maak ook vergelyking tussen verhoudings onmoontlik.

Die derde faktor wat Miller noem is die moontlikheid van "window dressing" of "creative accounting" deur bestuur om die sake van die maatskappy beter te laat lyk.

Miller is ook van mening dat geen samestelling van verhoudings in alle gevalle die gewenste resultate gaan lewer nie. Elke geval moet ontleed word deur gebruik te maak van 'n versigtig gekose samestelling van verhoudings. Weereens veroorsaak dit dat vergelyking bykans onmoontlik word.

Die slotsom waartoe hieruit gekom kan word is dat die ontleding van balansstate en die berekening van sakeverhoudings 'n baie onbevredigende metode is om die toekoms van 'n maatskappy te voorspel.

4.2.3.3 Strebel en Andrews (1977:1-8) gaan so ver as om historiese inligting te verwerk in een verhouding naamlik die kontantvloei-verhouding. Deur middel van hierdie verhouding voer hulle aan dat hulle tot so lank as vyf jaar voor die tyd met 'n 78% betroubaarheid kan voorspel dat 'n maatskappy in likwidasië sal gaan.

Hierdie navorsing het egter onder redelike kritiek gekom omrede gereken word dat die streekproef nie groot genoeg was om verteenwoordigend te wees nie en dat hulle uitgesoekte resultate gebruik het om hulle hipotese te staaf aldus Miller

(1978:159). Indien Miller se geldige waarskuwings met betrekking tot die gebruik van finansiële verhoudings in ag geneem word is dit duidelik dat groot risiko's geloop sal word indien slegs die kontantvloieverhouding gebruik sou word ten einde te voorspel, of bepaal, wat die toekoms van 'n maatskappy mag wees.

4.2.3.4 Remenyi (1977:153-156) beweeg in die teenoorgestelde rigting wat betref die inligting wat hy wil gebruik om die kredietkeuringsbesluit te neem. Hoewel dit nie in die artikel vermeld word nie, word aanvaar dat die geouditeerde state wel gebruik sal word as inligtingsbron omrede dit die vertrekpunt of geskiedenis aantoon. Remenyi is egter van mening dat nog die aandeelhoudersbelang, nog die winste van 'n maatskappy enige banklenings of -fasiliteite terugbetaal. Lenings word terugbetaal deur kontantvloei. Remenyi wil sien dat behoorlike kontantbegrotings verkry word wat die aanames aantoon waarop die begroting berus. 'n Sensitiwiteitsanalise moet gedoen word sodat bepaal kan word hoe sensitief die kontantvloei vir skommeling in bv. omset en debiteure invorderingstermyne is. Hierdie inligting soos voorgestel deur Remenyi is essensiële vir 'n kredietkeuringsbesluit. Dit gee egter net inligting wat vir die kort termyn akkuraat kan voorspel. Met hierdie inligting tot sy beskikking kan 'n kredietkeurder 'n goeie besluit neem oor 'n korttermyn verbintenis. Indien in 'n langtermyn verbintenis betrokke geraak word soos dit die geval deesdae is met die tjekrekening van korporatiewe kliënte, kan hierdie inligting ongelukkig nie die bank tevrede stel dat die aansoeker oor die lang termyn gesond sou bly nie.

4.2.3.5 Thwaites en Hardie (1986:143-144) beskryf 'n logiese benadering tot die risikoevalueringsproses. Dit is 'n baie goeie uiteensetting van wat oor die algemeen in banke toegepas word vandag. Hier word gekyk na kwantitatiewe en kwalitatiewe eienskappe van die aansoeker. Interne en Eksterne faktore wat die aansoeker in die toekoms gaan beïnvloed moet volgens hulle ook in ag geneem word.

4.2.3.5.1 Die kwantitatiewe eienskappe wat oorweeg word berus hoofsaaklik op die geouditeerde finansiële state van die aansoeker sowel as kontantbegrotings. Omdat dit die finansiële posisie van die aansoeker op 'n gegewe tydstip aandui tesame met die kontantbehoefte in die nabye toekoms aandui is dit vir die bank van groot belang.

4.2.3.5.2 Die kwalitatiewe eienskappe wat oorweeg word, word weer verdeel in interne eienskappe en eksterne eienskappe. Interne eienskappe sluit onder andere in:

(i) Die produkte van die maatskappy.

Is dit noodsaaklike of luukse artikels?

In watter stadium van die produklewensiklus is die produkte?

Wat is die prystruktuur relatief tot die van mededingers?

Is die vraag na die produkte seisoenaal of nie?

(ii) Die produksie van die maatskappy

Is die proses kapitaal- of arbeidsintensief?

Hoe sal stakings die maatskappy beïnvloed?

Wat is kapasiteitsbesetting?

Beskikbaarheid van grondstowwe?

Is kwaliteitsbeheer effektief?

(iii) Die bestuur van die maatskappy

Ouderdomme van bestuur

Is daar enige opvolgbeplanning?

Wat is die ondervinding in daardie bedryf?

Hoe lyk hulle "track records"?

Word daar strategiese beplanning gedoen?

Personeelbeleid, veral teenoor vakbonde?

Die eksterne eienskappe sluit in die volgende.

(i) Die ekonomie

Wat is huidige en verwagte ekonomiese toestande?

Hoe gaan verwagte verandering die aansoeker raak?

(ii) Die mark

Wat is die aansoeker se posisie in die mark?

Vergroot of verklein hulle markaandeel?

Wie is die belangrikste konkurrente?

4.2.4 Soos hieruit blyk word deesdae baie wyer ondersoek ingestel na 'n aansoeker voordat 'n kredietkeuringsbesluit geneem word. Die tipe van inligting wat bekom word is inligting wat 'n voornemende belegger in so 'n maatskappy sou bekom. Dit onderskryf die verandering in die siening van banke omtrent die verbintenis met die kliënt. Dit word duidelik vandag deur banke gesien dat hulle "aandeelhouers" in 'n kliënt maatskappy is.

4.2.5 Met die inligting wat omtrent bestuur versamel word is dit baie moeilik om te besluit of bestuur goed of swak is. Die vernaamste rede hiervoor is dat daar nie 'n verwysingsraamwerk of standaard bestaan waarteen gemeet kan word nie. Dit is dan ook 'n doel van hierdie studie om so 'n raamwerk daar te stel wat werkbaar sal wees. Soos reeds voorheen vermeld is die betuur van 'n maatskappy die enkele grootste faktor wat die lantermyn voortbestaan van 'n maatskappy bepaal. Om daardie rede is dit vir banke van kardinale belang om die bestuur van 'n maatskappy van watter omvang ookal behoorlik te kan beoordeel.

HOOFSTUK 5

BEVINDINGS

5.1 INLEIDING

Ten einde te kan bepaal tot welke mate die bestuur van maatskappye ondersoek word by die beoordeling van kredietaansoeke moes ondersoek ingestel word na hoe hierdie probleem hanteer word in die praktyk.

Daar is besluit om die vyf groot handelsbanke te nader om inligting in die verband.

Daar bestaan geen twyfel dat hierdie groep banke bykans alle korttermyn krediet aan die medium grootte tot kleiner maatskappye in Suid-Afrika verskaf nie. Die beginsel van verhoudingsbankwese het dan ook reeds goed posgevat by die handelsbanke in Suid-Afrika.

5.2 ANTWOORDE OP VRAE TYDENS ONDERHOUDE

Opsomming van antwoorde op vraelyste:

'n Kwantitatiewe opsomming van die resultate is as volg:

Respons 80%

Die vrae is as volg beantwoord:

In watter mate word elk van die onderstaande faktore in aanmerking geneem wanneer maatskappye aansoek doen om kredietfasiliteite?	Skaal			
	1	2	3	4
Vraag A 1 Akademiese kwalifikasies van die maatskappy se top bestuur	75%	25%		
2 Vorige ondervinding van top bestuur	100%			
3 Die integriteit van top bestuur	100%			
4 Die professionele reputasie van top bestuur	100%			
5 Die ouderdom van top bestuur	25%	25%	25%	25%
6 Die tydperk wat top bestuurslede hulle huidige poste beklee	50%	25%	25%	

Vraag B Bestuur	1	2	3	4
1 Die stel van behoorlike doelwitte deur topbestuur	50%	50%		
2 Die kommunikasie van doelwitte aan ondergeskiktes	25%			75%
3 Die analise van die kompeterende staat van die onderneming deur die aansoeker		25%	50%	25%
4 Die bestaan van 'n spesifieke funksionele beleid	25%	75%		
5 Die formulering van aksieplanne en skedulering van hulpbronne	50%	25%	25%	
Leiding				
1 Die organisasiestruktuur van die aansoeker en die mate van vertikale spesialisasie in die maatskappy				75%
2 Die (a) bestaan van kritiese prestasie areas en (b) kennisdeur die werknemer				100%
3 Die opleidingsbeleid van die aansoeker			25%	75%
4 Gereelde opleidingsbehoefte bepaling			25%	75%
5 Opleiding ooreenkomstig behoeftebepaling			25%	75%
6 Kommunikasie tussen bestuur en ondergeskiktes bestaan			25%	75%
7 Die bestaan van dissiplinêre kode en prosedure				100%
8 Kennis van dissiplinêre kode en prosedure deur alle werknemers				100%
9 Die bestaan van erkenningsooreenkomste met vakbonde	25%	25%		50%
10 Die bestaan van gedokumenteerde grieweprosedures				100%
11 Die arbeidsverhoudingrekord van aansoeker	25%	25%		50%
12 Die bestaan al dan nie van gebeurlikheidsplanne in die geval van stakings			25%	75%
Beheer				
1 Die gebruik van die begroting as beheer meganisme	100%			
2 Vergelyking van werklike resultate met begroting	100%			
3 Die situasie ten opsigte van beplanningsgaping		25%	25%	50%
4 Die bestaan van aksieplanne om die gaping te verklein	25%		25%	50%
5 Vergelyking van aksieplanne met hulpbronne ten einde uitvoerbaarheid te bepaal	50%	25%		

5.2.1 Afdeling A - Persoonlike faktore

Akademiese kwalifikasies van individue in topbestuur van 'n maatskappy was vir drie uit die vier banke waarmee onderhoude gevoer is, baie belangrik en inligting daaromtrent word altyd deur hulle bekom. Die vierde respondent het aangetoon dat hulle in 'n redelike mate daarna kyk en dit dus in meeste gevalle wel nagaan.

Vorige ondervinding van lede in topbestuur word deur almal as baie belangrik beskou.

Die integriteit van topbestuur word as baie belangrik deur almal beskou en word altyd ondersoek.

Die professionele reputasie van topbestuur word deur almal as baie belangrik beskou en word altyd ondersoek.

Die ouderdomme van topbestuurslede word deur al vier respondente op verskillende vlakke van belangrikheid gesien.

Die tydperk wat topbestuurslede hulle huidige poste beklee is van redelike groot belang vir die respondente aangesien twee aangetoon het dat dit in 'n baie groot mate deur hulle in aanmerking geneem word terwyl een aangetoon het dat dit in 'n redelike mate in aanmerking geneem word en slegs een aangetoon het dat dit in 'n mindere mate in aanmerking geneem word.

5.2.2 Afdeling B - Prestasie Faktore

5.2.2.1 Beplanning

Die aspekte wat gedek word deur die vyf vrae in hierdie afdeling word oor die algemeen deur die respondente as belangrik beskou en word in meeste gevalle ondersoek. 'n Baie belangrike onderskeid is egter hier te bespeur tussen die hantering van aansoeke vanaf bestaande kliënte en aansoeke vanaf nie-kliënte. In die geval van nuwe-kliënt aansoeke word daar nie veel ag geslaan op die beplanning in die betrokke maatskappy nie. Uit die onderhoude het die redes hiervoor duidelik geblyk, naamlik:

Dit is baie moeilik om behoorlike inligting omtrent die beplanning in die onderneming te bekom met die eerste kennismaking. So 'n ondersoek sal te lank neem. Tweedens word 'n nuwe aansoek baie meer konserwatief gekeur. Bankiers is blykbaar dan geneig om terug te val na balansstate. Indien die aansoeker nie 'n gesonde balansstaat het nie, sal die aansoek moeilik goedgekeur word.

'n Aanduiding egter van die vinnige vordering deur bankiers in die rigting dat baie groter erkenning gegee word aan die belangrikheid van beplanning en die beoordeling daarvan, is dat een van die respondente aangetoon het dat hulle in sekere gevalle teenwoordig is op direksievergaderings in waarnemende sowel as raadgeewende hoedanigheid.

5.2.2.2 Leiding

Sover dit die aangeleenthede wat in hierdie afdeling gedek word aanbetref, het al die respondente aangetoon dat hulle dit as van minder belang beskou. In meeste gevalle sal hulle nie aspekte soos kommunikasie, opleiding, dissiplinêre kodes, ensovoorts ondersoek nie.

Arbeidsonrus en die potensiële risiko wat dit vir die bankier kan inhou, word blykbaar geleidelik deur die bankwese erken. Twee van die respondente het aangetoon dat die bestaan van erkenningsooreenkomste met vakbonde en die arbeidsverhoudinge rekord as belangrik beskou word en in 'n redelike tot groot mate deur hulle ondersoek word. Ander respondente het weer te kenne gegee dat die vrae wat ingesluit is onder die klassifikasie, leiding, baie belangrike punte is wat 'n bankier wel in ag kan neem en ondersoek kan word. Dit word egter nie op die huidige oomblik gedoen nie.

5.2.2.3 Beheer

Beheer en veral finansiële beheer in 'n maatskappy is, soos te wagte kan wees, van uiterste belang vir enige bankier.

Die respondente het dan ook deur die bank aangetoon dat in 'n baie groot mate ondersoek ingestel word na die bestaan van 'n begroting. Daar word ook deur almal

in 'n baie groot mate ondersoek ingestel na die afwykings tussen werklike resultate en begrote syfers.

Herbeplanning en aangesuiwerde begrotings is aangeleenthede wat in mindere mate of baie geringe mate op die huidige stadium deur banke ondersoek word. Slegs een van die respondente het aangetoon dat daar in 'n baie groot mate deur hulle ondersoek ingestel word na die identifikasie van beplannings gapings, aksieplanne en die beskikbare hulpbronne om aksieplanne ten uitvoer te bring. Uit die onderhoude het dit egter geblyk dat hierdie ondersoeke wel op bestaande kliënte gedoen word en nie op eerste aansoeke nie.

5.3 OPSOMMING VAN BEVINDINGS

Die bevindings uit die onderhoude kan as volg opgesom word:

- 5.3.1 'n Baie hoë mate van ooreenstemming in die antwoorde op die vrae is waargeneem. Hoewel dit jammer is dat Standard Bank nie deel wou gehad het aan die studie nie, kan met die hoë ooreenstemming in antwoorde wat verkry is, aangevoer word dat die respons wat verkry is, as verteenwoordigend van die hele populasie beskou kan word.
- 5.3.2 Persoonlike inligting omtrent die individue word deur die bankier as baie belangrik beskou ten einde die bestuur van die onderneming te beoordeel.
- 5.3.3 Beplanning word al hoe meer as 'n belangrike aspek deur die banke beskou. Ondersoeke na beplanning in 'n maatskappy word net gedoen op bestaande kliënte. Op nuwe aansoeke word daar nog nie daarna gekyk nie.
- 5.3.4 Die banke beskou die leiding in 'n maatskappy nie as belangrik vir hulle doeleindes nie. Geeneen van die respondente het aangetoon dat hulle ondersoeke doen na die kommunikasie of die koördinasie in die maatskappy nie. Die organisasie binne die maatskappy kry wel aandag vanaf sekere van die banke. 'n Nuwe ontwikkeling in dié verband is dat die banke die belangrikheid van arbeidsbetrekkinge begin besef en

sodoende meer aandag daaraan begin skenk tydens hulle ondersoeke. Dit geld veral ten opsigte van maatskappye wat in bedrywe staan wat baie gevoelig is of kan wees vir arbeidsonrus.

5.3.5 Al die respondente het aangetoon dat die beheer in 'n maatskappy van uiterste belang vir die bankier is. Almal het dan ook aangetoon dat ondersoeke gedoen word na variasies tussen begroting en werklike resultate. Ondersoeke na die effektiwiteit van die beheerproses word egter nie deur banke op die huidige stadium algemeen gedoen nie. Een respondent het egter aangetoon dat hulle wel die effektiwiteit van beheer ondersoek maar dat dit beperk is tot bestaande kliënte.

Die resultate van die onderhoude dui dus daarop dat daar 'n definitiewe besef by bankiers is omtrent die belangrikheid van goeie bestuur in 'n onderneming ten einde vertroue in die toekoms van 'n maatskappy te hê. In die geval van bestaande kliënte word reeds groot werk gedoen om die bestuur van 'n maatskappy te kan beoordeel. Wanneer die bankiers egter met 'n nuwe aansoek gekonfronteer word wil dit voorkom asof daar nie dan soveel inligting bekom word omtrent hoe die betrokke maatskappy werklik bestuur word nie.

Die grootste enkele rede hiervoor is te vinde in die tyd wat dit in beslag sal neem om die inligting te bekom op die wyse wat dit bekom word in die geval van bestaande kliënte. Die bankier leef saam met die bestaande kliënt en die inligting word oor 'n relatief lang tydperk versamel.

Daar bestaan dus 'n behoefte daaraan om die bestuur van 'n maatskappy wat nie aan die bankier bekend is nie te kan beoordeel. Die inligting moet relatief maklik en vinnig verkry kan word en redelike betroubare resultate moet daarmee verkry kan word.

HOOFSTUK 6

VOORSTELLE TER VERBETERING

6.1 INLEIDING

Uit die voorgaande hoofstukke blyk dit duidelik dat daar 'n leemte bestaan met betrekking tot die inligting wat aan die kredietevalueerders van banke voorsien word. Die leemte bestaan spesifiek by die inligting omtrent die wyse waarop die aansoekermaatskappy bestuur word. Daar is ook aangetoon dat dit van kardinale belang is vir banke om oor hierdie inligting te beskik wanneer oor 'n langtermyn verbintenis met 'n aansoeker besluit moet word.

Dit is alles goed en wel om te sê dat die inligting bekom moet word alvorens so 'n besluit geneem kan word. Daar ontstaan egter dadelik 'n probleem, naamlik: Hoe word genoegsaam inligting bekom om 'n objektiewe mening oor die bestuur van 'n maatskappy te vorm, sonder dat 'n maandelange ondersoek deur kundiges gedoen moet word en sonder dat 'n geweldige lywige dokument aan die kredietbeoordelaars voorgelê moet word.

Daar moet dus gesoek word na 'n paar kernaanswysers wat op goeie bestuur of minder goeie bestuur sal dui. Hierdie aanwysers moet nie moeilik wees om te identifiseer nie en dit moet onteenseglik op goeie of swak bestuur kan dui. Hierdie vereistes is tot 'n mate teenoorgesteld van mekaar. Daar moet dus 'n balans gevind word tussen die omvang van die inligting verkry en die tyd sowel as kundigheid wat dit gaan vereis om die inligting te bekom en te verwerk.

Die aangewese stappe sal wees om die bestuur van 'n onderneming en die basiese prosesse op te breek. Daarna moet elkeen van hierdie prosesse afsonderlik in elke onderneming ondersoek word ten einde te bepaal of dit aanwesig is of uitgevoer word.

Daar moet dan ook bepaal word of dit behoorlik uitgevoer word. Omrede dit mag gebeur dat sommige bestuurprosesse goed en behoorlik uitgevoer word en ander

teen 'n mindere mate of swak, moet die bestuursprosesse in volgorde van belangrikheid geplaas word. Let wel, hierdie volgorde van belangrikheid moet wees soos uit die oogpunt van die bankier gesien.

6.2 DIE BESTUURSPROSESSE

Vier basiese bestuurprosesse word geïdentifiseer, naamlik Beplanning, Organisasie, Leiding en Beheer (Stoner, 1982:16-17). Sommige skrywers tref onderskeid tussen leiding en koördinasie en beskryf dus 'n vyfde proses, naamlik Koördinasie (Rädel en Reynders, 1971:260-282).

Vir doeleindes van hierdie navorsing word die bestuursprosesse soos beskryf deur Stoner dan gebruik. Aangesien dit na die bestudering van die antwoorde op die vrae tydens die onderhoud, die skrywer se mening is dat die detail ontleding van die bestuursprosesse nie uit die oogpunt van die bankier so belangrik is nie.

6.2.1 Rangorde van belangrikheid van onderskeie bestuursprosesse

Soos voorheen reeds vermeld, moet hierdie rangorde opgestel word uit die oogpunt van die bankier. Daar moet verder ook in ag geneem word dat sekere van die bestuursprosesse minder belangrik word na gelang die maatskappye wat beoordeel word kleiner word.

Uit die antwoorde op die vrae tydens die onderhoud kan die volgende rangorde van bestuursprosesse soos uit die oogpunt van die bankier opgestel word.

1. Beplanning en Beheer
2. Leiding
3. Organisasie

6.2.1.1 Beplanning en Beheer

Hierdie twee bestuursprosesse word gesamentlik as die belangrikste gesien omrede daar 'n baie nou verband en afhanklikheid tussen hierdie twee bestuursprosesse is.

Beplanning en Beheer is in enige onderneming van watter grootte ookal, van kardinale belang om die toekoms met enige mate van vertroue tegemoet te gaan. Die toekoms van enige maatskappy moet beplan word en beheer moet uitgeoefen word oor die vordering of afwyking vanaf die beplanning, sodat die nodige korrektiewe aksies geneem kan word ten einde te verseker dat daar gevorder word soos wat beplan is en dat doelwitte bereik word, korttermyn sowel as langtermyn.

6.2.1.2 Leiding

Leiding word tweede geplaas, nie omrede die kritiese belangrikheid daarvan afneem nie, maar wel die kompleksiteit daarvan soos wat die omvang van verskeidenheid van maatskappybedrywighede afneem. Dit word ook makliker hoe kleiner die personeelkorps is.

6.2.1.3 Organisasie

Organisasie word laaste geplaas omrede die belangrikheid van organisasie in 'n maatskappy uit die bankier se oogpunt afneem soos wat die maatskappye ter sprake kleiner en kleiner word.

6.3 VOORGESTELDE MAATSTAWWE

Ten einde enige iets te evalueer moet daar 'n maatstaf bestaan waarteen inligting wat ingesamel is, gemeet kan word. Bankiers sal dus die behoefte hê aan maatstawwe wat hulle kan gebruik vir die beoordeling van 'n maatskappy se bestuur. Verkieslik moet die maatstawwe so min as moontlik wees maar 'n betroubare afleiding moet nog steeds gemaak kan word. Om sodanige maatstawwe te kan stel, moet baie duidelik verstaan word wat elkeen van die terme beteken. Ons moet verder ook 'n redelike begrip hê van die opeenvolgende prosesse wat elkeen van hierdie bestuursprosesse opmaak. Alleen dan sal 'n mens in 'n posisie kan wees om die kritiese prosesse wat teenwoordig moet wees,

te identifiseer en sodanige kritiese prosesse of handelings kan doen dalk as maatstawwe gebruik word vir beoordeling.

6.3.1 Beplanning en Beheer

Beplanning in 'n onderneming kan in twee tipes verdeel word wat albei vir die bankier van uiterste belang sal wees (Du Preez, 1985:49-76).

6.3.1.1 Strategiese Beplanning

Uit die aard van die saak gaan dit vir die bankier nie moontlik wees om die strategiese beplanningsproses van die aansoeker met elke aansoek in detail te ondersoek nie. Daar moet dus gesoek word na die faktore of aanwysers wat sal aantoon dat strategiese beplanning wel gedoen word en dan ook goed gedoen word.

Ten einde strategiese beplanning te beoordeel moet eers gekyk word na wat strategie is en ook na die inhoud van 'n strategiese plan.

Skrywer wil strategie in kort definieer as die stel van doelwitte, kwantitatief sowel as kwalitatief, en die bepaling van die metode waarvolgens te werk gegaan sal word om hierdie doelwitte te bereik. Hierdie doelwitte kan relatief korttermyn of relatief langtermyn van aard wees.

Die inhoud van 'n strategiese plan kan kortliks as volg opgesom word (Du Preez, 1985:54-56):

6.3.1.1.1 'n Stel doelwitte

6.3.1.1.2 'n Konsep van die besigheid en die onderneming se kompeterende staat in die industrie

6.3.1.1.3 'n Konsekwente stel van kritiese funksionele beleidsbepalings

6.3.1.1.4 'n Geskeduleerde opeenvolging van aksies en prioriteite ten opsigte van hulpbrontoedeling.

Aangesien die bankier in meeste gevalle nie die bedryf, mededinging en die mark van die aansoeker goed genoeg ken nie, kan hy baie moeilik bepaal of die doelwitte realisties en of die planne uitvoerbaar sal wees aldan nie. Aan die ander kant is dit vir die bankier reeds 'n aanduiding van goeie bestuur as hy kan vasstel dat strategiese beplanning wel in die onderneming gedoen word.

Die bankier behoort dus tevrede gestel te kan word indien 'n strategiese plan op skrif aan hom voorgelê kan word op aanvraag. Die strategiese plan behoort nie ouer as 'n jaar te wees nie en moet die elemente bevat soos hierbo genoem. Die bankier sal tien teen een nie toegelaat word om enige dokumente te verwyder van die besigheidspersoneel nie, maar insae in die dokument behoort genoeg te wees om die bankier se behoeftes te bevredig.

Die feit dat 'n kopie op aanvraag beskikbaar is toon aan dat strategiese beplanning wel gedoen word. Indien die strategiese plan wel die elemente bevat wat hierbo genoem is, dui dit daarop dat die strategiese beplanningsoefening behoorlik gedoen word.

6.3.1.2 Bestuursbeplanning

Bestuursbeplanning is 'n funksie van middelbestuur (Du Preez, 1985:44). Dit is 'n proses waardeur bestuur hulpbronne bekom in genoeg hoeveelhede en op die regte tye om die onderneming se doelwitte te bereik.

Du Preez (1985:63) verdeel die bestuursbeplanningsproses in drie fases, naamlik:

6.3.1.2.1 Analise van die huidige prestasie

6.3.1.2.2 Insameling van Inligting

6.3.1.2.3 Die werklike beplanningsproses

Die eindresultaat van die bestuursbeplanningproses is die finansiële begroting. Vir die bankier om die bestuursbeplanning in die onderneming te evalueer, is eintlik onmoontlik. Daar is geen manier waarop hy sal kan sê of bestuursbeplanning goed of sleg is binne die tyd wat normaalweg vir kredietondersoeke beskikbaar is nie. Hoogs opgeleide personeel sal ook nodig wees om hierdie ondersoeke te doen. Die beste wat die bankier kan doen is om te bepaal of daar wel bestuursbeplanning gedoen word.

Die maklikste metode om dit vas te stel, sal wees om na die eindproduk van die beplanningsproses, naamlik die begroting, te kyk. Die metode waarop die begroting gedoen is, sal aantoon of daar behoorlike bestuursbeplanning gedoen word. Die finansiële bestuur van die maatskappy sal presies kan aandui hoe die begrote syfers verkry is. Enige aanpassing van syfers deur die vorige jaar se syfers met die inflasiekoers soos gemeet deur die Verbruikers Prys Indeks (V.P.I) sal onmiddellik dui op syfers wat nie op behoorlike beplanning gegrond is nie.

Die bankier moet dus net bepaal of die finansiële begroting die eindproduk van 'n beplanningsproses is of nie deur die basis na te gaan waarop die begroting opgestel is. Indien die begroting wel die eindresultaat van die beplanningsproses is dui dit daarop dat bestuursbeplanning wel gedoen word. Aan die ander kant weer, as die vorige jaar se syfers met een of ander faktor aangesuiwer word, dui dit op die afwesigheid van bestuursbeplanning.

6.3.1.3 Beheer

Beheer dek die hele spektrum van bedrywighede. Elke aktiwiteit of dissipline in 'n onderneming kan en behoort beheer te word. Die bankier sal uit die aard van die saak meer geïnteresseerd wees in finansiële beheer in 'n onderneming.

Finansiële beheer is net soos beheer oor enige iets anders 'n kontinue proses. Die basis vir finansiële beheer is die begroting. Dit dien egter geen doel om aan

die einde van 'n finansiële jaar aan die verantwoordelike persone uit te wys dat nie volgens begroting/beplanning presteer is nie en dan verduidelikings vir ongunstige afwykings te eis nie. Dit is beter om hierdie aksie maandeliks uit te voer. Selfs dit is ook nog nie die mees effektiewe metode van beheer nie.

n Meer proaktiewe benadering by finansiële beheer is noodsaaklik. Op 'n maandelikse basis moet werklike resultate behaal (die huidige situasie) ekstrapoleer word op die res van die jaar (meganistiese vooruitskatting). Enige afwyking tussen die vooruitgeskatte resultate en die doelwitte moet aan die verantwoordelike persone uitgewys word. Die verantwoordelike persone moet dan aantoon hoe hulle beoog om die situasie reg te stel of om watter rede die afwyking permanent van aard is en geen herbeplanning die saak kan regstel nie. Op hierdie metode word die verantwoordelike persone vroegtydig ingelig dat dinge verkeerd loop sodat regstellende stappe nog effektief geneem kan word. Vir die bankier om te kan bepaal of behoorlike finansiële beheer uitgeoefen word, is 'n behoorlik opgestelde begroting en maandelikse bestuurstate absoluut essensieel. Sonder hierdie opgawes is finansiële beheer onmoontlik. Die bankier sal dus eerstens vasstel of daar 'n behoorlike begroting bestaan. Tweedens sal hy vasstel of bestuurstate maandeliks geproduseer word. Derdens sal hy vasstel of die bestuurstate met die begroting vergelyk word en indien wel, of afwykings bevredigend soos hierbo bespreek behandel word. Al drie bogenoemde stappe moet gevolg word anders kan bevredigende finansiële beheer nie bestaan nie. Welke stelsel van beheer gebruik word, naamlik die meer proaktiewe metode of die meer reaktiewe metode, behoort nie vir die bankier so absoluut krities te wees nie. Dit is wel krities vir die bankier dat finansiële beheer op 'n kontinue basis uitgeoefen word.

6.3.2 Leiding

Leiding of leierskap in die onderneming is baie belangrik aangesien leiding noodsaaklik is vir die beplanning om tot uitvoer gebring te kan word.

Leiding kan onderverdeel word in kommunikasie, motivering en koördinasie. Hoewel baie belangrik binne die onderneming, is dit vir die bankier van minder belang om te ondersoek. Dit is eerstens baie moeilik vir 'n buitestaander om te ondersoek en te beoordeel in 'n kort tydjie. Tweedens kan die bankier moontlik hier van historiese feite gebruik maak om die leiding binne die onderneming te beoordeel.

